KAMMANUUS

Nommer 361 7 Oktober 2013

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Hang uit saam met die ou omies

Ons sluit die reeks van partytjiereëls af met hierdie bydrae oor Paatie saam met Indiërs deur **Jerusha Sukhdeo.**

Toe my ouma my bleek Afrikaanse kêrel die eerste keer ontmoet was haar woorde aan my: "Wat is fout met jou *beti?* Hou Indiërseuns dan nie van jou nie?"

Vir hom het sy gesê: "Bly te kenne skattie, hierso, kry iets om te eet!" En dit, in 'n neutedop, is wat jy moet weet as jy beplan om saam met Indiërs te makietie. 1) Iemand gaan tien teen een iets polities onvanpas en selfs ietwat beledigend sê. 2) Jy sal nie tyd hê om aanstoot te neem nie, want jy sal gedwangvoer word met 'n eindelose voorraad van ladoo vanaf die oomblik wat jy daar aankom.

Ek mag dalk nie weet wat by ander Indiërpartytjies gebeur nie, maar as mens wat by my familiefeeste gebeur as maatstaf kan gebruik, kan jy as volg beplan:

Reël 1: Arriveer honger

Korreksie, rasend honger. Vas liewer die hele dag as jy kan. Jy gaan gevoer word met berge hittige en kleurvolle kos en enige protesterings soos 'Ek is op dieet', sal net 'n houtoog ontlok. Indien jy enigsins kapsie probeer maak, sal jy beveel word: 'Eet net die vleis en los die res', 'n sinnetjie wat meeste Indiër-kinders maar al te goed ken.

Reël 2: Ontdek die dop

My pa en sy broer maak steeds of hulle geheelonthouers is voor my ouma en oupa. Hulle weet natuurlik al lankal dis nie so nie. Al sien jy nie drank by partytjie nie, weet maar daar is. Dit word net skelm gebruik. Kyk uit vir die ooms wat duidelik skuldig lyk. Probeer buite naby die karre, daar sal jy die drankskat vind. Dit bring my by die volgende reël:

Reël 3: Hang uit saam met die Omies

Kort jou kar 'n diens? Beleggingsadvies? Soek jy goedkoop tweedehandse bande? Daar sal altyd 'n oom by die partytjie wees wat sal kan help. Geen probleem nie. Gooi vir hom 'n Bells en vertel hom jou probleem. Ernstig. Blykbaar hou alle Indiërooms van Bells. Maak asseblief net seker jy praat met 'n regte, egte oom. As sy naam iets soos Bushknife Bobby of Disco Krish is, moenie val vir sy piramiedeskema nie.

Reël 4: Leer die 'lingo'

"Top night, eksê, but let's vy before these ous start speeching over these stekkies," mag vir jou na louter onsin klink, maar dis 'n heel aanvaarbare manier om te sê dat hoewel die aand se feestelikhede heel genotlik was, dit beter sal wees om nou te vertrek alvorens 'n paar geesdriftige jongens begin bolle rol oor die mooi meisies by die partytjie.

As jy sukkel met daai sinnetjie, sê net: 'So much of!' so gereeld as jy kan. 'So much of fun! So much of food!' Ek het selfs een keer my Afrikaner kêrel gevang dat hy vir 'n neef sê: 'So much of'. Dit was te pragtig!

Vir al die Indiërs wat ek ken, gaan dit oor familie. As jy dit deur 'n aand van oormatig eet en oorboordse storievertellery maak, sal jy aanvaar word as lewenslange deel van die familie.

Moet net NOOIT noem hoe die Diwali vuurwerkvertoninge jou hond ontstel nie. Regtig, moenie.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Sarie Marais se naam loop wyd

Die eerste dogter van Jacob Philippus Maré en Cornelia Susanna Jacoba Erasmus was Susara Margaretha. Sy is op die plaas Eendraght, Suikerbosrand, distrik Heidelberg, gebore op 15 April 1869. Haar pa was Jacob Maré, wat later 'n lid van die uitvoerende raad van die Transvaal geword en na wie 'n straat in Pretoria genoem is.
Hierdie is dié Sarie Marais (eintlik Maré) ook bekend as Tant Mossie, volgens die SA biblioteek se katalogus-inskrywing AP.1998-227.
Haar ouers was Voortrekkers, en het hulle in die omgewing van die Suikerbosrand gevestig. Die dorpie Heidelberg het toe nog nie bestaan nie. Die grootste konsentrasie Voortrekkers het hulle in die wyk Mooirivier bevind, waar die dorp Potchefstroom aangelê is.
Toe sy 16 jaar oud was, het sy vir Jacobus Petrus Toerien, 'n verslaggewer van *Di Patriot* van die Paarl, ontmoet. Hy het onder die skuilnaam Jepete in *Ons Kleintji* geskrywe in sy hoedanigheid as subredakteur van *Di Patriot.*
Hulle is getroud op 19 Desember 1884 en het 16 kinders gehad, van wie net 8 grootgeword het.
Hy het by Amerikaners wat in Transvaalse myne gewerk het die liedjie Sweet Ellie Rhee gehoor, wat sy oorsprong in die Amerikaanse Burgeroorlog gehad het en deur Septimus Winner (Alice Hawthorne) geskryf is. In die tydperk tussen die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë het Jepete die woorde vertaal en só sy vrou, Sarie Maré, verewig. Die lied het ook nie aanvanklik al die versies en presies dieselfde woorde gehad het as wat ons vandag ken nie. Maré het later weens 'n drukfout Marais geword.

Waar Sarie Marais oral klink

Teen 1899 was Sarie Marais reeds 'n treffer in Pretoria. In die Anglo-Boereoorlog het dit nie net gewild by die Boeremagte geword nie, maar ook by ander soldate. Dit het later wêreldbekend geword omdat duisende Suid-Afrikaanse soldate dit in die Eerste en Tweede Wêreldoorlog gesing het.
•Die gewildheid het het só gegroei dat die Britse Royal Marines dit as regimentsmars aangeneem het. Hul opleidingskip heet ook Sarie Marais. Dit is ook die regimentsmars van Paraguay se seinerskorps.
•Die eerste Suid-Afrikaanse seiljag se naam was ook Sarie Marais en duisende besoekers het al in die Durban-hawe op die Sarie Marais plesierboot gevaar.
•Die eerste Suid-Afrikaanse rolprent se naam was Sarie Marais.
•Die tydskrif *Sarie,* voorheen *Sarie Marais,* heet ook na haar. Tot hotels en woonstelblokke is na haar genoem.
•Op die eerste internasionale radio-uitsending tussen Suid-Afrika, Brittanje en Amerika op die verjaardag van mev. Isie Smuts, vrou van die destydse premier, generaal Jan Smuts, het die sangeres Gracie Fields Sarie Marais gesing.
•In die Tweede Wêreldoorlog het 'n buitestasie van soldate in Noord-Afrika die naam "Sarie Marais Calling" gehad.
•Die Suid-Afrikaanse weermag is steeds lief om die mars op parades te speel, terwyl die Franse Vreemdelingelegioen dit ook gebruik.
•Dit is ook die amptelike lied van die Girl Guides in Sri Lanka (Ceylon) wat dit aan die begin van die vorige eeu by die Boerekrygsgevangenes daar gehoor het.
•In 1932 die jare dertig van die vorige eeu is dit verkeerdelik op die Olimpiese Spele in Amerika as Suid-Afrika se amptelike volkslied gespeel.

Sarie se laaste jare

Sarie was 'n diep godsdienstige vrou en selfverheerliking was totaal in stryd met haar nederige geaardheid. Sy het altyd haar verbintenis met die liedjie stil gehou. Na Jacobus se dood in 1920 het sy haar by haar dogters in Bloemfontein gaan vestig. Sarie is op 22 Desember 1939 op die ouderdom van 73 jaar in armoede oorlede en in 'n nederige ongemerkte graf in die Memoriam-begraafplaas naby die Vrouemonument begrawe.

Bronne

SA Geslagregister Volume 5; Schabort Family History 1500 – 2000, Piet Schabort, p.132.

Wat vir 'n ding is DIT?

Ons hoop julle geniet hierdie opvoedkundige oomblik saam met ons.

Weet julle watse ding hierdie is?

Dis 'n tabakrook enemastel (1750's tot 1810's).
Die tabak is gebruik om tabakrook in die pasiënt se rektrum op te pomp, vir verskeie mediese doeleindes, maar veral vir die resuskitering van slagoffers.

Daar is geglo dat die hitte van die rook sweet sal aanmoedig.

Twyfel oor die produk se werking het gelei tot die bekende Engelse uitdrukking:

"Blowing smoke up your arse."

Nou weet julle ook.

Wat is NORMAAL?

Deur Hennie

Dis nogal 'n begrip wat 'n mens lekker deurmekaar kan krap.
Dink nou bietjie: 'n Kind sit in 'n restourant en probeer sy spaghetti deur die neusgat eet. Dis nie normaal nie, die mond, is beter toegerus - en dis normaal.
Sê wie?

Die sakie raak interessanter as jy 'n dokter besoek. Dis nie normaal as jou bloeddruk 160/100 is nie. Sê wie? Ek wonder hoekom hulle nou juis besluit het op 120 / 80? Is dit omdat hulle 100 mense wat goed voel se bloeddruk geneem het, die gemiddeld uitgewerk het en besluit het om dit "normaal" te noem?

Dis "normaal" as jou hart klop teen 72 slae per minuut en jy 22 keer per minuut asemhaal. Maar dis net onder "normale" omstandighede... as die lugdruk laag is, verander dit, om nie eens van die humiditeit te praat nie...
Dis "normaal" as 'n reun sy been lig en alles merk. Dan is dit nie normaal as dit my kwaad maak omdat dit so stink nie? Of is dit normaal?
Sielkunde is nog 'n ander storie oor "normaal" en "abnormaal". Speel met jou tandeborsel op die tafel drom, en jy's abnormaal, doen dit met 'n potlood, en dis 'n normale teken van verveeldheid.

Hoe bepaal die sielkundiges "normaal" en "abnormaal"? Hulle het twee groepe: dit een groep word beskou as "normaal". Die groep wat "ondersoek" word, se reaksies word getoets aan die "normale" groep. My vraag is net: is die kontrolegroep normaal?
Dieselfde vir die reaksie op medikasie. As 100 mense se hoofpyn weggaan as hulle twee tablette drink, is dit die "normale" reaksie. Maar as jou hoofpyn nie weggaan nie, is dit nie "normaal" nie. Sê wie?

Ek kan nog lank uitwei oor die vraag: wat is normaal?
Uiteindelik het ek een "normaal" gekry waaroor niemand sal stry nie - op my wasmasjien is daar 'n instelling wat sê: "Normal wash". Tog wonder ek - wat maak dié was-siklus "normaal"?

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

D VIR DETENSIE

Die ma het 'n klagte van Jannie se skoolhoof gekry oor sy taalgebruik.

Ma: "Jannie, die skoolhoof het laat weet jy was in detensie omdat jy weer die D-woord gebruik het!"

Jannie: "Ja, ma."

Ma: "Dit was dom, nè?"

Jannie: "Nee ma, dit was Doos."

SATERDAG

Koos vra sy vrou:"Is jy lus om Saterdag uit te gaan?"
"YES!" sê sy opgewonde.
"Great, want die manne kom hiernatoe om rugby te kyk!"

BRAKPAN

Twee Brakpan paartjies besluit om bietjie maats te ruil die aand na `n lekker braai. Na `n hewige vrysessie vra die een ou: "Ek wonder wat doen die girls!?"

DIAGNOSE

Twee ou ooms kom een oggend op hul stappie op die sypaadjie na mekaar aangestap.

Albei loop mank.

Die een sê-vra alwetend: "Angola, 1975?"

Toe sê die ander een: "Nee, hondestront so 10 meter terug."

GATIEP OOR VROUE

Dominee: "Gatiep, hoeveel vroue dink jy moet 'n man he?"

Gatiep: "Sestien, Dominee."

Dominee: "Hoekom sestien?"

Gatiep: "4 richer, 4 poorer, 4 better, 4 worse! "

GOUE OEPSIE

Die ou kry 'n klop aan die deur. Daar staan twee ouens.
Een van hulle sê vir hom: "Haai, ek was gistraand hier vir 'n partytjie. Ek wil net vir my TJom jul goue toilet kom wys!"
Die ou draai om en skreeu oor sy skouer: "Dennis! Hier is die bliksem wat gisteraand in jou saksofoon gek@k het!"

DIE BROEK

Een koue wintersoggend is die tante doenig in die tuin, met 'n langbroek onder die rok, toe die predikant voor die deur stilhou.

Sy draf vinnig die huis binne en sê vir die huishulp:

"Die maruti (predikant) is hier. Sê vir hom ek gaan gou-gou die broek uittrek. Ek kom nou."

Haar lippe rooi gemaak, hare gekam en langbroek uitgetrek kom sy in die sitkamer, maar dominee is nie daar nie.

Sy vra die huishulp waar hy is, en die vrou sê:

"Ek het hom gasê djy gaan jou broek uittrek. Hy sê for my hy gaan gou die Bybel by die kar bêre!"

BC deur Johnny Hart

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO

Genl. Piet Joubert was 'n praktiese mens

Deur Lappe Laubscher

In die geskiedenis is daar wonderlike verhale wat wag om met humor ontsluit te word. Ek het weer hieraan gedink toe `n vriend nou die dag hier by my kom in loer met `n pragtige stukkie apokriewe geskiedenis. Sy naam sal ek liewer verswyg. Daar is ouens wat ernstig oor die soort goed voel.

Ons raak aan die gesels oor die verloop van die Anglo-Boereoorlog. Baie mense voel met groot emosie dat generaal Piet Joubert enige kans wat die Boere gehad het om die oorlog te kon wen, by Ladysmith verspeel het. Sulke ouens glo dat sy beleid om met beleggings die Engelse op 'n knop te jaag van die begin tot mislukking gedoem was.

Genl. Piet Joubert

Die storie oor hoe genl Piet Joubert hom sou verdedig het deur te verduidelik dat as God jou 'n vinger gee, jy nie die hele hand moet vat nie, is wel bekend. Of hy ooit die woorde gespreek het, is 'n ander vraag.

Daar is `n ander groep wat vertel dat na die ontsetting van Ladysmith, die Boere genl. Joubert gedwing het om 'n beker met gif te drink. Die storie is 'n klomp bog, dus laat ons dit daar.

My vriend het 'n heeltemal nuwe siening oor die sakie. Hy vertel dat toe genl. Piet Joubert vir George White en sy manne in Ladysmith vasgekeer het, het hy 'n Boere-verkenner gestuur om in Durban te gaan kyk hoeveel soldate die Engelse nou regtig het.

Toe die verkenner uit Natal teruggekeer het, het hy hom gehaas om by genl. Joubert uit te kom. "Nou toe, vertel my hoeveel Engelse wag daar in Durban om teen ons te kom veg," wou die generaal weet.

"Baie generaal, baie," kom die antwoord uitasem.

"Hoeveel is baie, my seun? Honderde? Duisende?" wou die generaal weet.

"Honderde duisende, generaal," doen die verkenner groot oog verslag.

Wat ook van genl. Piet Joubert gedink mag word, een ding staan vas. Hy was 'n praktiese soort mens. Was dit dan nie hy wat vir Paul Kruger vertel het dat die forte om Pretoria 'n vermorsing van geld was nie?

"Nou maar goed dan," vertel hy die Boereverkenner "dan beter ons net hier by Ladysmith bly. As ons nou Durban gaan beset en al daai Engelse krygsgevangene moet neem, sal ons vir hulle kos en slaapplek moet gee. Dit sal nooit deug nie."

OORLOGSTATISTIEKE

Digby 450 000 Britse troepe het aan die oorlog deelgeneem. Hiervan was 30 000 van oorsese Britse kolonies, 50 000 uit die Kaap en Natal en 5 000 joiners uit die twee republieke. Sowat 30 000 was gewapende swartes.

- Die Boeremagte het tussen 50 000 en 60 000 gewissel, en daar was nooit meer as 47 000 burgers in die veld nie. Daar was na raming 10 000 swart en bruin agterryers.
- Ongevalle: Aan Britse kant 7 800 weens krygsverrigtinge, 14 658 weens sieke en ongelukke.
- Aan Boerekant het 3 997 gesneuwel, 150 verongeluk en ongeveer 2 000 het aan siektes gesterf.
- Na raming is 30 000 plaashuise en 40 dorpe verwoes. Ongeveer 160 000 blankes en 130 000 swartes is in konsentrasiekampe aangehou. Sowat 28 000 blankes - onder wie 26 000 kinders - het in die kampe gesterf.
- Die oorlog het Brittanje £230 miljoen gekos. Vir repatriasie en hervestiging is £300 miljoen belowe, maar net £16 miljoen is uitbetaal.

Uit die wakis

Stories vir die vaak

Die tienerseun het pas sy rybewystoets geslaag en vra sy pa of hy die gesin se motor kan leen.

"As jy hard studeer op kollege en goeie punte behaal en jou hare laat sny, sal ek dit oorweeg om die kar vir jou te leen," sê sy pa.

'n Paar maande later: "Pa. ek het regtig hard gewerk in die klas en 'n A vir my geskiedenisprojek gekry. Kan ek nou die kar leen?"

"Onthou jy wat ek van 'n haarsny gesê het? Jou hare hang steeds op jou skouers."

"Maar pa, van die belangrikste mense in die geskiedenis het lang hare gehad. Jesus het lang hare gehad. Moses het lang hare gehad. Niemand het dit vreemd gevind nie."

Die pa skud sy kop. "Maar het hy iets anders van Jesus en Moses opgelet?"

Seun: "Wat?"

"Hulle het geloop waar hulle wou wees."

Die twee seuntjies speel krieket in 'n parkie in Kaapstad. Terwyl hulle nog so speel, kom daar 'n rotweiler in en val die een seuntjie aan.

Die ander seuntjie dink vinnig, vat sy kolf, druk dit by die rotweiler se halsband deur en breek sy nek.

Net toe kom daar 'n joernalis verby en hy wil onderhoud voer met die seuntjies.
Hy begin te skryf: "Jong Stormer ondersteuner red vriend se lewe uit die bek van 'n vreeslike dier".

Die seuntjie sê – "Ek is nie 'n Stormer nie" - baie verontwaardig.

Die joernalis vra om verskoning en sê hy't aangeneem omdat die insident in die Kaap gebeur het, hy 'n Stormer-ondersteuner is. Hy begin toe weer skryf:

"Sharks ondersteuner red vriend van vreesaanjaende aanval." Weer sê die seun: "Ek is nie 'n Sharks ondersteuner nie."

Nou watter span ondersteun jy dan, vra die joernalis. Die seun sê: "Ek is 'n Blou Bul fên."

Die joernalis blaai om en skryf:

KLEIN TWAK VAN PRETORIA VERMOOR FAMILIEHOND KOELBLOEDIG

Die Yank en die Ingelsman

'n Grootbek Amerikaanse toeris – hulle is nogal daarvoor bekend, oral waar hulle gaan - vererg hom vir die stywe bolip houding van 'n Engelsman op die moltrein in Londen.

Hy haak af: "Julle Engelse dink hopeloos te veel van julleself. Glo mos altyd julle is net so effe beter as die res van die mensdom! Neem nou maar vir my as voorbeeld:

"Ek het Italiaanse bloed, Franse bloed, 'n bietjie Indiese bloed en selfs Sweedse bloed in my are. Wat dink jy dáárvan?"

Die Engelsman antwoord ewe droog: "Wel, ek moet erken jou ma was regtig baie mededeelsaam.

7 REËLS VIR DIE LEWE

1. Maak vrede met jou verlede sodat jy nie jou toekoms bederf nie.
2. Wat ander mense van jou dink het niks met jou te doen nie.
3. Tyd heel amper alles, gee dit net genoeg tyd.
4. Moenie jou lewe met ander s'n vergelyk nie en moenie hulle oordeel nie. Jy het geen idee waaroor hul reis gaan nie.
5. Hou op om te veel te dink, dis oukei as jy nie al die antwoorde ken nie. Jy sal hulle vind wanneer jy dit die minste verwag.
6. Niemand behalwe jyself het beheer oor jou geluk nie.
7. Glimlag. Jy besit nie al die probleme in die wêreld nie.

Jannie het 'n plan met alles

Klein Jannie en Sannie is maar net tien jaar oud, maar hulle weet sommer hulle is verlief.

Eendag besluit die tweetjies hulle wil trou.
Jannie skraap die moed bymekaar en gaan sien Sannie se pa.

"Oom Gert, ek kom vra vandag ouers, ek en Sannie wil trou"
Oom Gert dink dis te ougat, die mannetjie wat op sy ouderdom al weet van die tradisie van ouers vra.

Hy antwoord: "Wel Jannie, jy is maar 10 jaar oud, waar gaan julle bly?"

Sonder om te aarsel antwoord Jannie: "Oom , ons sal in Sannie se kamer intrek. Haar kamer is groter as myne en daar is baie plek vir my ook."

Oom Gert kry 'n groot glimlag, "En waarvan gaan julle miskien lewe? Jy is nog te jonk om te werk. Hoe gaan jy vir haar kan sorg?"

Weer is Jannie gereed met sy antwoord: "Ek kry R10 per week sakgeld Oom, en Sannie kry R5, dit is omtrent R60 per maand. Ek reken dit sal genoeg wees."

Oom Gert is regtig beïndruk, Klein Jannie het nogal baie dinkwerk ingesit.

"Nou maar goed, Jannie, dit lyk of jy jou huiswerk gedoen het. Ek het nog net een vraag: ` Wat gaan gebeur as julle tweetjies kleuters van julle eie kry? "

Klein Jannie haal sy skouers op: "Wel oom, ons was nog elke keer gelukkig tot dusver"

Oom Gert dink glad nie meer die klein stront is so oulik nie.

Die sleutel

Voor Koos vertrek oorlog toe, sit hy 'n kuisheidsgordel op sy vrou, sluit dit en gee die sleutel vir sy pêl Ben.

"As ek nie binne vier jaar terug is nie, sluit oop en geniet."

Hy spring op sy perd en val in die pad.
So halfuur later sien hy 'n stofwolk agter hom.
Hy stop en sien dis Ben.

"Wat skort?" vra Koos.
Ben uitasem : "Dis die verkeerde flippen sleutel!"

Die verskil tussen 'n demokrasie en 'n diktatorskap is in 'n demokrasie stem jy eers voordat jy bevele uitvoer. In 'n diktatorskap mors jy jou tyd deur te stem. - Charles Bukowski.

Poskoets

Kammanuus se lesers gesels

Hy ken van die Boereoorlog

Hannes Smith:

Jy vra in Kammanuus 360 of ons iets van die Boereoorlog weet?

Altwee my oupas was op kommando en later in konsentrasiekampe. Oupa Le Roux op St. Helena, waarvan ek `n paar aandenkings ge-erf het.

Oupa Smith, na wie ek vernoem is, was in Ceylon, nou Sri Lanka.
Ouma Le Roux was in die Potchefstroom konsentrasie kamp met haar tien kinders, die oudste seun Josephus was as penkop saam met oupa op kommando, maar was nie weggestuur nie.

Ouma Smith was in die Krugersdorp kamp met haar kinders, sy het 103 jaar oud geword en het ons later jare baie van die kamplewe vertel. Sy was `n regte vuurvreter so klein soos sy was, daarvan kan ekself getuig.

Sy het die kamp opsigters hel gegee en het veral die joiners gehaat wat deur die Pommies aangestel is in die kampe, sommige mans wat sy geken het en wie sy verag het.

Haar susters wat saam met haar in die kamp was en haar oudste dogter, tant Sus, het vir ons vertel hoe bang die engelse vir haar was, sy het die Engelsman nooit vergeef vir sy wandade nie. Ek is veral baie trots op my ouma Smith.

Ja, Hennie, ek weet iets van die Boereoorlog maar ongelukkig nie genoeg nie.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BURGER Magda.vanaswegen@gauteng.gov.za
Barend Johannes Burger. gebore 1882, getroud met Renchi Aletta Ackkermann in 1910.
Seun: David Jacobus Burger gebore 10 Nov 1918, sterf Junie 1988 Getroud met Johanna Cilliers Janse van Rensburg.
Kinders: Barend Johannes Burger gebore: 6 Junie 1946 Sterf: Des 1977 en Magdalena Salomina Maria Burger (Van Aswegen), gebore 5 Mei 1950.

COETZEE binti@iinet.net.au
Johannes Hermanus Coetzee, gebore 1831 en oorlede 12 November 1911.

DIEDERICKS Otto@Diedericks.co.za
Otto Diedericks gebore op 2 Junie 1971 te Delareyville. Ek woon in Pretoria en doen navorsing oor die Diedericks/ Diederichs/ Diederiks familie in Soud-Afrika.

FOURIE olivia@indlela.com
Ons is op soek na Maruis Fourie gebore in 1965 te Winburg of Parys. Hy was aangeneem of afgegee toe hy 8 maande oud was. Sy biologiese ma is Salmiena Fourie en sy pa was Johannes Jacobus Lafras Fourie. Hy is intussen oorlede.

KUHN tinus.kuhn@gmail.com
Stamlyn van Hans Kune

MALAN pm@radiokansel.co.za
Petrus Joubert Malan.

STOFFBERG stoffelstoffberg@flysaa.com

TERBLANCHE terblanchezandra@gmail.com

VIOLA annerieviola1@gmail.com
Wynand Viola, gebore 25 September 1913, Vredenburg, Wes Kaap. Sterf 13 Julie 2007.

WIGGILL Durand.reinier@gmail.com
Ek soen na besonderhede en inligting oor Isaac Daniel Wiggill, gebore 18 September 1848 te Bathurst. Oorlede 1910 te Elliott.
Sy tweede vrou was blykbaar `n ene Suzaan Cloete wat ongeveer 1888 te Tsolo in die Oos-Kaap gebore was. Twee seuns is uit hierdie huwelik gebore.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Kêrels, ek is al klaar dronk, en ek het hierdie week nog niks gedrink nie!"

Deur CORINUS DU TOIT

Omstreeks 1972 speel die derde span van die Militêre Akademie teen die span van Velddrif op Velddrif. Omdat dit 'n klein gemeenskap is, word omtrent almal wat enigsins kan loop, opgekommandeer vir die spel.

Diegene wat beskikbaar is om gereeld te oefen, speel in die hoër spanne, die res vorm die wynspan. So is daar die dag 'n klompie vissers wat aangetree word vir diens. Hulle was 'n week ter see en kom net so van die skuite af by die rugbyveld aan. Daar is nie tyd vir eers gaan was nie - daarvoor is daar in elk geval storte by die veld vir na die wedstryd. 'n Week se viswalm omgeef die manne dus toe hulle op die veld draf.

As jy jou brood en botter met visvang verdien, dan bly drank aan wal agter, want dis harde en ernstige werk daar op die diepsee waar 'n man baie maklik in 'n oomblik van onwaaksaamheid kan seerkry, veral as dit nog deur 'n bietjie voggies aangehelp word.

Toe hulle dus aan wal stap, is van hulle via die hotel se kroeg rugbyveld toe. 'n Week se dors is 'n groot dors en rum is die dop vir manne. Toe die spel so 'n paar minute aan die gang was, begin die rumdampe dus deurslaan. Saam met die visreuk moes dit 'n aardige kombinasie in die skrums afgegee het.

Ek merk gou dat die besoekers hoegenaamd nie op Velddrif se ingooie meeding nie en hulle eie balle blitsig haak sodat die skrums baie vinnig kan opbreek. Die rede daarvoor raak rustyd duidelik toe die Militêre Akademie se een stut kla: "Kêrels, ek is al klaar dronk, en ek het hierdie week nog niks gedrink nie. Hulle asems!"

Die soldate se harte is duidelik nie in die wedstryd nie, en spoedig loop hulle agter. Dis natuurlik water op die meul van die tuisskare en dit raas en gesels en moedig aan asof uit 'n ander wêreld. Die soldate op die pawiljoen wat nog moet speel, begin ook hulle makkers aanmoedig om te probeer red wat nog te redde is. Dis toe dat die eerste span se losskakel braaf genoeg is om 'n totaal ondeurdagte opmerking oor een van Velddrif se spelers te skree.

Daar daal 'n stilte oor die pawiljoen neer en almal se oë draai soos radars in die rigting van die skuldige. Sy makkers, ook maar goed moedswillig, wys hom aan die skare uit.

Dis toe dat 'n gesette tante, rooi in die gesig van opwinding oor haar aanmoediging vir haar span, hier so neffens voor hom opvlieg en hom terstond met haar sambreel toetakel. Hy moet net keer.

Onder luide toejuiging van die pawiljoen tugtig sy hom behoorlik en gaan dan baie selfvoldaan sit. Juis op daardie stadium is daar 'n lynstaan reg voor die pawiljoen en die spelers staan eers die petalje en geniet voordat hulle opvorm.

Vir die res van daardie wedstryd, en die twee daarna, het geen soldaat weer sy mond oopgemaak nie - slegs beleefd hande geklap vir goeie spel deur Velddrif. As militêre strateë het hulle duidelik geweet wanneer om die aftog te blaas, en in elk geval het hulle opleiding voorsiening gemaak vir verdediging teen allerhande soorte wapentuig, maar nie teen sambreelaanvalle deur gesette dames nie!